# DE HALTE


– GROEN VINGERS NUUSBRIEF –

Jaargang 2 | Februarie 2020 | Uitgawe #6




*Wat jy saai, sal jy maai – en ons maai sowaar!*

## 2020 IS HIER & GROTER

Ons hoop van harte dat u almal heerlik gerus het en dat u reg is vir 2020.

Hier by Botha's Halte het dinge nie stil gestaan tydens die vakansie nie, met beddings wat van nuut af voorberei is en daar is omtrent geplant. Soos die gesegde lei "wat jy saai, sal jy maai", wel ons is sowaar besig om te maai! Groen boontjies, spinasie, rape, boerpampoen, herbert squash is reeds geoes en nou is daar tamaties, waatlemoen en spanspek.

Ons wil graag vir Jaco en sy span se "Baie dankie manne!" vir julle volgehoue insette gedurende die vakansie. Ons weet daar was probleme met die rekenaar en die water besproeiing maar julle het alles mooi hanteer en sommer die plantjies met die gieters nat gemaak. Baie dankie ook aan Ashley wat omtrent voltyds aan diens was en kort kort moes inspring om die ou blikbrein se hart weer aan die gang te kry.

Ons wil ook die 22 nuwe Graad R-tjies welkom heet. Julle is besonders bevoorreg om in hierdie ongelooflike omgewing julle skool loopbaan te begin.

Baie welkom aan Joey, wat aangestel is vir spesiale projekte en onderrig. Sy gaan natuurlik weg trek met die groentetuin wat wonderlik inpas by al haar projekte wat sal insluit omgewingsbewaring, globale verwarming (met die wurm plase as hulpbronne), wiskunde en wetenskap.

Hoe gelukkig is dié leerlinge nie om vak onderwerpe prakties te kan ondervind en toe te pas in die pragtge groentetuin nie.

Ons wens u 'n voorspoedige 2020 voor en aan Bothas Halte se onderwysers en leerlinge – maak gebruik van al die wonderlike geleenthede en hulpmiddels tot julle beskikking.

### WORM JUICE & SPAR

SPAR het al verskeie van Root-to-Grow se skooltuin projekte geborg en die suksesvolle opbrengs van die  wonder vloeibare kunsmis is ons besig om te bottel en sien 'n geleentheid om dit te bemark met die hulp van SPAR. Dus, "watch this space!".







root-to-grow SCHOOL VEGGIE GARDENS

together, making a difference

NON PROFIT CO. REG: K2011/125100/08






